MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 3/2025 **20 Februarie 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

Sometimes we should express our gratitude for the small and simple things like the scent of the rain, the taste of your favourite food, or the sound of a loved one's voice.

Joseph B. Wirthlin

Ek het groot geword in Sabie, Mpumalanga en van my aangenaamste herinneringe van die platorand is rondom reën gesetel. In die middel sewentigs het dit daar maklik vir drie weke aanmekaar gereën. Ek hoop julle almal vind, soos ek, motivering, energie, sielerus en bevestiging van die genade van ons Hemelse Vader in die reën.

Voorts op die watertema – baie geluk aan ons swemspan wat verlede week by die A-bond-interhoër skoonskip gemaak het. Julle was ware ambassadeurs vir die College en waardige wenners. Dankie aan me René du Plessis en haar span vir hulle opoffering en entoesiasme. Meer besonderhede volg later in hierdie nuusbrief.

Eweneens baie sterkte aan ons atlete wat more (Vrydag) by Pilditch aan die A-bond-atletiekinterhoër deelneem. Vergun my ook die geleentheid om elke onderwyser, met me Mia Ras en mnr Henry Verster aan die spits, vir hul reuse-aandeel in die organisering hiervan te bedank. Ek glo en vertrou die weer sal saamspeel en atlete (en toeskouers 😊) die geleentheid gee om dit te geniet en na die beste van hulle vermoë te presteer.

Graag nooi ek opnuut weer die ouers uit om enige aangeleentheid wat hulle pla, of waaroor hulle onseker is onmiddellik met die betrokke onderwysers op te neem. Volg asseblief die kanale, en wanneer die aangeleentheid nie na bevrediging aangespreek word nie, is julle altyd welkom om my direk te kontak. Dankie dat julle jul kinders aan ons toevertrou en mag julle dae met die stemme van julle geliefdes gevul wees.

GRAAD 12-INLIGTINGSAAND

Graad 12-ouers en leerders word genooi om op Dinsdag 25 Februarie die inligtingsaand in die saal om 18:30 by te woon. Belangrike graad 12-sake soos akademie, universiteitsaansoeke en die matriekafskeid, sal bespreek word. Ons hoop om u almal daar te sien.

OPEDAG – 12 MAART 2025

✉ college@midstreamcollege.co.za ☎ 012 661 2341 www. midstreamcollege.co.za

AKADEMIE

LANGNAWEKE

Soos u reeds bewus is, is daar ‘n paar langnaweke in April en die begin van Mei. U word daaraan herinner dat daar geskeduleerde kwartaaltoetse in daardie periode is, en dat leerders nie vir verlengde langnaweekdoeleindes daarvan verskoon kan word nie. Die buitemuurse program gaan ook soos normaalweg voort.

SPORT

Klik op die skakel vir sportuitslae.

KULTUUR

Klik op die skakel vir kultuuruitslae.

✉ college@midstreamcollege.co.za ☎ 012 661 2341 www. midstreamcollege.co.za